basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## 2018

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

## RAY PHIRI: 1947–2017

**LANK LEEF DIE KONING!**

1 Vir sommige was hy 'n mentor, vir ander die skepper van 'n townshipklank wat diep weerklank gevind het. Hoe dit ook al sy, almal is dit eens dat hy die koning van jazz was!

2 Phiri was die stigter-leier van die orkes, Stimela*;* sy musiekloopbaan het oor meer as vier dekades gestrek. Nou is die land hartseer omdat die lig wat Raymond Chikapa Phiri uitgestraal het, uitgedoof is. Hulde het ingestroom vir dié kitaarspeler en komponis wat in 'n hospitaal in Nelspruit weens longkanker dood is.

3 "Dit wat op hierdie plaas (Mayfern) gebeur het, het 'n groot invloed op my musiekloopbaan gehad en het my 'n kunstenaar laat word. Die enigste sosiale bymekaarkomplek wat Nelspruit daardie tyd gehad het, was dié plaas, en mense het elke Vrydag uit die ou township gekom om hier te kom fliek. Dis hoe ons townshipkinders mense soos Elvis Presley, Charles Jacobie en ander sangers gesien het. As dit nie vir die kultuurlewe hiér was nie, sou ek nooit die geleentheid gehad het om in musiek te wees nie," het Phiri in 'n onderhoud in 2012 gesê.

4 Phiri en Stimela het internasionaal sukses behaal as deel van die superster, Paul Simon, se *Graceland*-projek. Hy was 'n paar jaar lank die hoofkitaarspeler in dié projek en het in 1987, 1989 en 2012 saam met Simon getoer. Stimela word op Simon se album *Graceland* gehoor. Simon het hom in 1985 saam met Ladysmith Black Mambazo genooi om deel te wees van sy projek, wat meegehelp het om Suid-Afrikaanse jazzkunstenaars oorsee suksesvol bekend te stel. Hy was ook betrokke by 'n paar van Simon se albums en hy het ook al in Madison Square Garden in New York opgetree. Phiri se musiek het wyd waardering en bewondering geniet: vier van sy CD's was Suid-Afrikaanse topverkopers wat goud- en platinumstatus verwerf het.

5 Phiri sal nie bloot vir sy musiek onthou word nie, maar ook vir die geestelike krag van sy musiek, sy menslikheid en sy nederigheid. In sy laaste onderhoud met Media24 (op 3 Maart 2017) het Phiri sy eie nederigheid bevestig. "Ek voel besonder bevoorreg as ek iets aan mense kan gee, as iemand my nodig het en ek kan help. Dit maak my nie geldelik ryk nie, maar 'n skatryk mens."

6 In 'n onderhoud met Phumlani Langa van *City Press* op 21 Mei vanjaar het hy sy nederige menslikheid nogeens bevestig. Hy het gepraat oor hoe sy musiek hom nog op 70-jarige leeftyd roer en oor die geestelike krag van musiek. "Dit bied heling en bepeinsing en dit moet waarde toevoeg. Emosie en 'n gesonde mate van respek moet in musiek teenwoordig wees."

7 Die komponis-musikant, Neo Muyanga, wat vanjaar op die Nasionale Kunstefees in Grahamstad opgetree het, vertel hoe hy kleintyd al na Stimela geluister het en deur die geestelike krag daarvan beïnvloed is: "Dit was musiek waarmee ons kinders in die township grootgeword het. Dit het iets in jou geroer wat jy nie kon verklaar nie. As jong komponis het sy vreemd-aangrypende komposisies my besiel. Ek wóú graag in sy voetspore volg en het baie by hom geleer oor musiek en spesifiek jazz."

8 Omdat omgee vir opkomende kunstenaars die koning van die elektriese kitaar se lewe gekenmerk het, het hy jong talent gekoester. "Ek geniet dit om saam met jong mense musiek te maak en te luister. Hoe bemagtig jy sonder om aan te moedig of van jouself te gee?"

9 John Hassan, tromspeler wat saam met Phiri in Stimela was en nou in Hassan'adas speel, beskryf Phiri as sy mentor*. "Ek huil nie maklik nie, maar vandag huil ek. Hy het my alles geleer van hoe om 'n professionele musikant te wees. Hy het 'n groot invloed op baie mense en op Suid-Afrikaanse musiek gehad. Oral in die wêreld waar ons getoer het, het hy 'n indruk gemaak."

10 Phiri het nie net aan jóng talent erkenning gegee nie. Op 2 Maart vanjaar op 'n musiekfees in Stellenbosch het hy in 'n huldeblyk aan die legendariese Nico Carstens opgetree. Hy het genoem dat Carstens se musiek uit sy hart kom: "Ek het dit gesien toe ons vir die eerste keer saamgewerk het. Ek het 'n lied geskryf om my pa se nagedagtenis te eer. Daar was nie veel struktuur nie, bloot emosie. Ek wou 'n trekklavierspeler hê om saam met my te speel en nadat ek vyf ander oorweeg het, het ek hóm gekies. Toe hy my vra waar die bladmusiek is, het ek gesê dit bestaan nie. Ek het hom riglyne gegee en gesê: 'Sit jouself in my skoene en speel wat jy vóél.' Ná 45 minute het ons die lied *Father* klaar opgeneem. Volmaak."

11 'n Mens se liefde vir musiek maak dikwels ander dinge onbenullig. So was dit ook in Phiri se geval: hy het sy musiek belangriker geag as drome van roem en rykdom.

12 Ray Phiri sal beslis onthou word – die groot <u>koning</u> met die mooi hart is dood. Lank leef die koning!

* mentor: ervare leier; raadgewer; gids: iemand wat aan ander hulp en leiding gee

[Verwerk uit *Beeld*, 13 Julie 2017]

**TEKS B: VISUELE TEKS**

## RSG-KUNSTEFEES
### 4–11 NOV. 2014



*Ladysmith Black Mambazo, Stimela en die Soweto*
*Strings verskaf townshipklank en gee ritme aan lywe.*
*80 vingers streel oor trekklavierklawers;*
*Hemelbesem rymklets koddige rympies.*
*Koning Lear praat in sprankelende Afrikaans,*
*Nataniël vertel sy beste stories,*
*Katriena en Shimmy Isaacs lawe die lagspiere ...*
*Daar's baie meer, want hierdie fees bied vir die fynproewer*
*unieke teater van emosie sonder grense.*



**Radio Sonder Grense**
***Alle*** Kunstefeesproduksies is
*gratis*.
Volledige program by rsg.co.za/
#RSGfees vir feesnuus

RSG

[Verwerk uit https://i1.wp.com/maroelamedia.co.za/wp-11/RSG-Kunstefees-2014.jpg]

**VRAE: TEKS A**

1.1 Watter tipe musiek kan met Phiri geassosieer word? (1)

1.2 Watter mediese toestand het Phiri se lig uitgedoof? (1)

1.3 Was dit vir townshipkinders voordelig om bekende kunstenaars in flieks te sien? Motiveer jou antwoord. (1)

1.4 Noem TWEE kunstenaars wat Phiri se musiek beïnvloed het. (2)

1.5 Watter positiewe gevolg het die kultuurgebeure op die plaas Mayfern vir Phiri gehad? (1)

1.6 Gee TWEE bewyse van Phiri se internasionale sukses. (2)

1.7 Watter DRIE vereistes het Phiri aan sy eie musiek gestel? (3)

1.8 Waarom, dink jy, is Phiri 'n positiewe rolmodel vir townshipkinders? (1)

1.9 Op watter wyse het Phiri jong talent gekoester? (3)

1.10 Noem TWEE kunstenaars wat as gevolg van Phiri se mentorskap sukses behaal het en dui telkens die mate van Phiri se mentorskap aan. (4)

1.11 Hoekom het Phiri 'n groot bewondering vir Nico Carstens gehad? Dink jy die opname van *Father* het sy bewondering vir Carstens versterk? Motiveer jou antwoord. (2)

1.12 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die onderstreepte woord in die slotparagraaf? Gee TWEE bewyse uit die teks dat Phiri 'n mooi hart gehad het. (3)

**VRAE: TEKS B**

1.13 Gee die teks genoeg visuele leidrade waarvan lesers/belangstellendes kan aflei dat musiek die belangrikste aspek van die RSG-kunstefees is? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

1.14 Is die gebruik van die spesifieke lettertipe in reëls 3 tot 11 gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.15 Op watter manier was Ray Phiri by hierdie konsert in 2014 betrokke? (1)

1.16 Herlees paragraaf 6 en paragraaf 10 van TEKS A, asook reëls 3 tot 11 van TEKS B.

Aan watter vereiste van Phiri het hierdie Kunstefees voldoen? Sal Carstens se weergawe van Phiri se *Father* by dié Kunstefees pas? Motiveer jou antwoord. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE wenke om jou voornemens suksesvol uit te voer.**

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet 'n samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

### TEKS C

**VERANDERING IS MOONTLIK**

Mense sien dikwels 'n nuwe jaar as 'n geleentheid om veranderinge in hul lewens teweeg te bring. Dit wissel van emmerskoplysies tot groot veranderinge in mense se persoonlike sowel as professionele lewens.

As 'n mens in ag neem hoe min voornemens uiteindelik suksesvol uitgevoer word, is dit duidelik dat verandering baie inspanning verg. Navorsers aan die Universiteit van Kaapstad het bevind dat slegs 8% van mense hul voornemens suksesvol uitvoer.

In die boek *Kragtige Denke* gee kundiges allerlei slim wenke wat jou sal help om sukses met jou voornemens te behaal. Die sleutel tot sukses is, volgens die skrywers, om jou gewoontes te ontleed sodat jy 'n beter begrip van die invloed van jou gewoontes op jou lewenswyse, gesondheid en finansies kan kry. Stel daarna 'n prioriteitslys saam wat dit makliker maak om die gewoonte wat jy wil verander, te kies. As jy byvoorbeeld minder wil eet, kan jy 'n ander gewoonte, nl. om meer water te drink, byvoeg. Jy sal outomaties minder eet omdat die water jou laat versadig voel. Verander slegs een gewoonte per maand – en ná 'n jaar sal jy twaalf gewoontes hê om tot jou suksessyfer by te dra.

Vae doelwitte is dikwels geneig om vae resultate te lewer. Skryf vir jou 'n duidelike doelwit neer om as motivering te dien, byvoorbeeld om teen 'n sekere datum 'n spesifieke hoeveelheid gewig af te skud. So dra 'n duidelike, gemotiveerde doelwit by tot die bevestiging van jou prioriteite, wat weer bydra tot suksesvolle verandering.

Nog 'n baie belangrike aspek is om jou huismense te vertel waarmee jy besig is sodat hulle jou kan ondersteun; in 'n omgewing waar jy positief ondersteun word, realiseer doelwitte dikwels suksesvoller. Dis verder baie belangrik dat jy jou ook daartoe verbind om positief oor jou nuwe gewoonte te dink.

Aangesien dit ongeveer 'n maand neem om 'n nuwe gewoonte aan te leer én heelwat langer om dit te vestig, is dit belangrik om nie dae oor te slaan as jy ernstig oor jou verandering is nie.

Voordat jy jou oë uitvee, is dit 'n nuwe jy wat in die spieël na jou kyk.

[Verwerk uit http://www.netwerk24.com/Ontspan/Leef/verander-een-ding-op-n-slag-20161216]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIES**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




[Bron: www.edgars.co.za]

**VRAE: TEKS D**

3.1 Benoem die woordsoort van die onderstreepte woord in reël 1. (1)

3.2 Skryf die woord in reël 1 wat verkeerd gespel is, korrek oor. (1)

3.3 Dink jy die onderstreepte woord in reël 3 ("massiewe") sal die leser oorreed om die winkel te besoek? Motiveer jou antwoord. (1)

3.4 Hoe dra die foto tot die geslaagdheid van die advertensie by? (1)

3.5 Wat is die funksie van die asterisk by "50%" in reël 4? (1)

3.6 Gee 'n woord wat min of meer dieselfde as die onderstreepte woord in reël 4 beteken. (1)

3.7 Voeg die korrekte leesteken in reël 6 in. Skryf ook die woord voor en na die leesteken wat jy ingevoeg het, neer. (1)

3.8 Verdeel die onderstreepte woord in reël 6 in klankgrepe. (1)

3.9 Gee die afkorting vir "Maart" (reël 7). (1)

3.10 Reël 8 verwys na *"voorwaardes".* Vervang die onderstreepte woorde in die volgende sin met slegs EEN woord wat dieselfde beteken:

Ek glo jou sonder voorwaardes. (1)

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Lees en kyk na die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Verwerk uit www.gocomics.com]

**VRAE: TEKS E**

4.1 Waarom word die onderstreepte woord in RAAMPIE 1 met 'n hoofletter geskryf? (1)

4.2 Watter gevoel dra Mike se woorde in RAAMPIE 2 oor? (1)

4.3 Alles wat jy plant, floreer.

Haal TWEE opeenvolgende woorde uit RAAMPIES 2 tot 4 aan wat dieselfde beteken as die sin hierbo. (1)

4.4 Herskryf die onderstreepte sinsdeel in RAAMPIE 4 in die bedrywende vorm. (1)

4.5 Benoem die onderstreepte bysin in RAAMPIE 5. (1)

4.6 By watter woord in RAAMPIE 6 kan assimilasie voorkom? (1)

4.7 Brei die onderstreepte woord in RAAMPIE 7 met 'n byvoeglike bepaling uit. (1)

4.8 Is die aanname wat die ma in RAAMPIE 9 maak, korrek? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

4.9 Verklaar die gebruik van die kappie in die onderstreepte woord in RAAMPIE 9. (1)
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

**KAKKERLAKMELK IN JOU SUPERMARK?**

1 (5.2) Internasionale navorsers het 'n nuwe supervoedsel ontdek wat glo baie gesond en voedsaam is. As jy nie 'n sterk maag het nie, haal eers diep asem voordat jy verder lees.

2 Kakkerlakmelk is glo baie (5.3) ryk aan voedingstowwe en hoog in kalorieë, (5.4) **sê die wetenskaplikes wat hierdie verskynsel navors**. Insekkenners vermoed al lank dat die spesie *Diploptera punctata* vloeistof, bekend as Lili-Mip, afskei wat hulle vir hul kleintjies voer. Dié spesie is (5.5) uniek en buitengewoon omdat hulle geboorte gee aan hul kleintjies en nie eiers lê nie. Wetenskaplikes het aanvanklik gedink dat die kleintjies slegs die melk van die lakterende volwasse kakkerlak af inneem.

3 Navorsers het egter onlangs op proteïenkristalle in die kakkerlak-embrio's afgekom. Volgens 'n studie wat deur die Internasionale Unie vir Kristallografie gepubliseer is, is (5.7) kakkerlakmelk ryk aan proteïene, suiker en vet. Dit bevat meer as drie keer soveel energie (5.8) … buffelmelk, wat bekend is om sy ryk voedingswaarde.

| | |
|---|---|
| 4 | Moenie bekommerd wees nie. Jy sal nie in die afsienbare toekoms kakkerlakmelk langs beesmelk in jou supermark sien nie. |
| 5 | Heelwat navorsing is nog nodig om te bepaal of dit geskik is vir menslike gebruik. En selfs al word kakkerlakmelk eendag kommersieel geproduseer, sal dit waarskynlik nie van die kakkerlakke self kom nie, maar biotegnies vervaardig word. |
| | [Verwerk uit http://www.netwerk24.com/Ontspan] |

**VRAE: TEKS F**

5.1 Skryf die diftong neer wat in die titel voorkom. (1)

5.2 Brei die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 1 uit deur 'n bywoordelike bepaling van tyd in te voeg. Skryf die onderstreepte sinsdeel oor. (1)

5.3 Vorm 'n sin van jou eie met die homofoon van die onderstreepte woord in paragraaf 2. (1)

5.4 Herskryf die vetgedrukte sinsdeel in paragraaf 2 in die toekomende tyd. (1)

5.5 Benoem die taalverskynsel wat op die onderstreepte woorde in paragraaf 2 van toepassing is. (1)

5.6 "Wetenskaplikes het aanvanklik gedink dat die kleintjies slegs die melk van die lakterende volwasse kakkerlak af inneem."

Gee die gesegde van die hoofsin. (1)

5.7 Motiveer waarom die onderstreepte woord in paragraaf 3 'n kompleks is. (1)

5.8 Gee die voorsetsel wat in paragraaf 3 ontbreek. (1)

5.9 Verbind die sinne in paragraaf 4 met "aangesien" om een sin te vorm. (1)

5.10 Skryf die hoofsin van die onderstreepte sin in paragraaf 5 neer. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**2018**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 8 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

| **VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)*** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | Townshipklank/Jazz √ | 1 |
| 1.2 | Longkanker √ | 1 |
| 1.3 | Ja<br>Dit het hulle bekendgestel aan kunstenaars/musiek van buite die township./buite die landsgrense./<br>Dit het hulle nuuskierigheid geprikkel oor musiek./betrek by kultuur./<br>Sommige van hulle het kunstenaars geword./het rolmodelle in sulke kunstenaars gevind. √ | 1 |
| 1.4 | Elvis Presley √<br>Charles Jacobie √ | 2 |
| 1.5 | 'n Nuwe musiekster/Phiri het (begin) opgang maak./<br>Phiri het SA townshipklanke/-jazz aan die buitewêreld bekendgestel. √ | 1 |
| 1.6 | Hy het aan die Graceland-projek (van Paul Simon) deelgeneem./saam met Simon getoer./was betrokke by Simon se album. √<br>Hy het in New York/Madison Square Garden opgetree. √ | 2 |
| 1.7 | Dit moet waarde toevoeg. √<br>Emosie moet deurskyn. √<br>('n Gesonde mate van) respek is nodig. √<br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*"Heling" en/of "bepeinsing" kan nie aanvaar word nie.* | 3 |
| 1.8 | Hy het self as townshipmens op die nasionale verhoog groot sukses behaal./het topverkopers gehad wat goud- en platinumstatus verwerf het./<br>Hoewel hy 'n nasionale/internasionale ster was, het geld en roem nie sy eerste prioriteit geword nie./<br>Hy het nederig gebly./Townshipkinders is deur die geestelike krag van sy musiek geïnspireer./Hy het gewys 'n mens kan jou drome volg/sukses bereik as jy wérk. √<br>*Kern van die antwoord moet op "rolmodel", nie "mentor" nie, val.* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.9 | Hy het saam met jongmense musiek gemaak./<br>Hy het saam met jonges na hulle musiek geluister./<br>Hy het hulle/jonges soos bv. John Hassan aangemoedig./gehelp./<br>Hy het jong talent bemagtig./van homself gegee. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 1.10 | John Hassan √ – Hy het by Phiri <u>alles geleer</u> hoe om 'n professionele musikant te wees. √<br>Neo Muyanga √ – Hy het by Phiri <u>baie geleer</u> oor musiek/jazz. √ | 4 |
| 1.11 | Carstens het (ook) musiek gemaak met sy hart./emosie. √<br><br>Ja *(moet daar staan/Kandidaat mag die stelling of Ek stem saam-aanduiding gee)*<br>Carstens het dadelik begryp wat Phiri met "Father" wou bereik./het 'n volmaakte opname van "Father" sonder bladmusiek gemaak./<br>Dit is musiek waarvan Phiri gehou het./wat met emosie gelaai is./waarvan Phiri self gesê het dat dit "volmaak" is./<br>Carstens het so maklik die opdrag uitgevoer./die opdrag binne 45 minute "volmaak" uitgevoer. √ | 1<br><br>1 |
| 1.12 | Phiri word erken as die beste./'n toonaangewer./'n leier./Dis 'n vorm van hulde. √<br><br>Hy het nie roem/rykdom nagejaag nie./bly nederig./gee sonder om iets terug te verwag. √<br>Hy het as mentor vir jong kunstenaars opgetree. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 1.13 | Ja<br>In die visuele voorstelling kom baie musieknote (musiektekens)/-instrumente/'n man met die musiekinstrument/(musikant) voor.<br><br>**OF**<br>Nee<br>Die gordyne impliseer 'n verhoog wat iemand kan laat dink die RSG-fees bied ook dramas/tonele aan.<br>Die maskers in die middel van die sirkel is misleidend./herinner aan drama./tonele. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.14 | Ja<br>Dit hef die idee van kuns by die kunstefees uit./<br>Die lettertipe lyk na kuns./kan met kuns assosieer word./is nie formeel nie. √<br><br>**OF**<br>Nee<br>Die lettertipe kan vir sommige mense onleesbaar/moeilik leesbaar lyk./nie kunstig voorkom nie. √<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.15 | Phiri (saam met sy orkes/Stimela) het by die fees opgetree./Sy musiek is by die fees gespeel./Die orkes (Stimela) waarvan hy die leier/lid was, het by die fees opgetree./Sy orkes het opgetree. √ | 1 |
| 1.16 | Daar is emosie (sonder grense)./respek./waardetoevoeging. √<br><br>Ja, dit is 'n trekklavierweergawe./musiek wat emosioneel gelaai is./daar word musiek tydens die Kunstefees uitgesaai. √ | 1<br><br>1 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Tydens die nasien van die opsomming is die insluiting van geldige feite en die uitsluiting van irrelevante feite belangrik.

**Nasien van die opsomming**

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe.
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe.
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe.

- Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie.
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe.

**LET WEL:**
- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is nie.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**MOONTLIKE PARAGRAAFANTWOORD**

Jy moet jou gewoontes ontleed ter wille van 'n beter begrip daarvan. Stel daarna vir jou 'n prioriteitslys saam om die gewoonte wat jy wil verander, te kies. Kies slegs een gewoonte per maand wat jy wil verander. Skryf 'n duidelike doelwit neer vir dié gewoonte wat jy wil verander. Jy moet vir jou ondersteuning verseker deur jou huismense in te lig oor jou doelwit; dink ook altyd positief oor jou nuwe gewoonte. Verder is dit belangrik om nie dae oor te slaan as jy ernstig oor verandering is nie.

**Getal woorde: 90**

**OF**

| **AANHALING UIT TEKS** | | **MOONTLIKE BEWOORDING** | |
|---|---|---|---|
| 1 | *Die sleutel tot* ***sukses is, volgens die skrywers, om jou gewoontes te ontleed*** *sodat jy 'n beter begrip van die invloed van jou gewoontes op jou lewenswyse, gesondheid en finansies kan kry.* | A | Jy moet jou gewoontes ontleed ter wille van 'n beter begrip daarvan. |
| 2 | ***Stel daarna 'n prioriteitslys saam*** *wat dit makliker maak om die gewoonte wat jy wil verander, te kies.* | B | Stel 'n prioriteitslys saam sodat jy weet in watter volgorde jy jou gewoontes wil verander. |
| 3 | ***Verander slegs een gewoonte per maand*** *– en ná 'n jaar sal jy twaalf gewoontes hê om tot jou suksessyfer by te dra.* | C | Kies slegs een gewoonte per maand wat jy wil verander, om jou kanse op sukses te verhoog. |
| 4 | ***Skryf vir jou 'n duidelike doelwit neer*** *om as motivering te dien ...* | D | Skryf 'n duidelike doelwit neer. |
| 5 | *… om jou* ***huismense te vertel waarmee jy besig is sodat hulle jou kan ondersteun*** *…* | E | Jy moet vir jou ondersteuning verseker deur jou huismense oor jou doelwit in te lig. |
| 6 | *Dis verder baie belangrik dat jy jou ook* ***daartoe verbind om positief oor jou nuwe gewoonte te dink.*** | F | Jy moet altyd positief oor elke nuwe gewoonte dink. |
| 7 | *… is dit belangrik om* ***nie dae oor te slaan as jy ernstig oor jou verandering is nie****.* | G | Dit is belangrik om nie dae oor te slaan as jy ernstig oor verandering is nie. |
| | | | |
| | | | **Getal woorde: 88** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie, tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | (Aanwysende) voornaamwoord √ | 1 |
| 3.2 | laat √ | 1 |
| 3.3 | Ja<br>Die woord beklemtoon die omvang/grootte van die afslag./wek nuuskierigheid/ gretigheid (om van die uitverkopingsitems te bekom.)/Dit beklemtoon die omvang van die uitverkoping./<br>Omdat die leser bang kan wees dat hy/sy iets sal ontbeer as hy/sy nie die uitverkoping bywoon nie, sal hy/sy dit gaan bywoon./<br>Enige mens sal die helfte van die oorspronklike prys wil betaal./<br>50% is 'n buitengewone afslag (en almal wil geld spaar) wat 'n mens by die uitverkoping kan kry.<br>**OF**<br>Nee<br>50% sal my eerder oorreed, nie 'n woord nie./<br>Die hoeveelheid in "massiewe" sal my negatief maak omdat dit te veel is./dit gewoonlik ook 'n massa mense trek./Ek hou nie van mensesamedrommings nie. √ | 1 |
| 3.4 | Dit wys hoeveel is 50%-afslag, want net die helfte van die vrou is sigbaar./<br>Die foto/vrou se oop mond ondersteun die gebruik van "sprakeloos" in die advertensie./<br>Die vrou se mond/oog is oop/oopgesper/is geskok wat suggereer/aandui dat sy verbaas/ verstom is wat by die advertensie-inhoud aansluit. √<br>*Die kandidaat moet uitkom by die verband tussen die foto en die "geslaagdheid".* | 1 |
| 3.5 | Dit verwys die leser na die sin dat bepalings en voorwaardes aan hierdie aanbod gekoppel is./na die sin in reël 8. √ | 1 |
| 3.6 | afslag/minder/korting/laer/goedkoper/besparing/rabat/prysvermindering/prysverlaging √ | 1 |
| 3.7 | ... gou, terwyl .../... gou – terwyl ... √ | 1 |
| 3.8 | voo-raad/voo/raad/voo-(r)raad/voo/(r)raad √ | 1 |
| 3.9 | Mrt. √<br>*Die kandidaat bied die antwoord met 'n hoofletter en 'n punt vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.10 | onvoorwaardelik √<br>*Spelling moet korrek wees.* | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Dit is 'n naam./voornaam./eienaam./Eiename word met hoofletters geskryf. √ | 1 |
| 4.2 | Onsekerheid/Twyfel/Ongeërgdheid/Traak-my-nie-agtigheid/Belangeloosheid √<br><br>*Die kandidaat mag die gevoel vir EEN punt in 'n sin omskryf, bv. "Hy is nie lus om te praat nie."* | 1 |
| 4.3 | "groen vingers" √<br><br>*Die kandidaat moet TWEE opeenvolgende woorde aanbied; spelling moet korrek wees.* | 1 |
| 4.4 | ... as ek/jy/ons/hulle/Koos/'n mens lank (genoeg) na die plakpapier staar. √<br><br>*Die kandidaat bied die antwoord in die teenwoordige tyd aan.* | 1 |
| 4.5 | Gesegdesin √ | 1 |
| 4.6 | wonder/ander √<br><br>*Die kandidaat kan ook die woord aanbied soos wat dit deur assimilasie beïnvloed is*. | 1 |
| 4.7 | ... spraaksame Gordon, .../Gordon met die baie grappe/planne ... √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie, gepaste byvoeglike bepaling vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.8 | Nee<br>Mike neem nie aan die gesprek deel nie./Daar is hoofsaaklik gedagteborrels in die strokie. √<br>Mike dink aan ander goed, terwyl sy ma praat. √<br><br>*Die een antwoord handel oor "praat"/"nie praat nie"; die ander antwoord handel oor "ander goed dink".* | <br><br>1<br>1 |
| 4.9 | Die uitspraak van die -e word verleng./<br>Dit gee 'n ander betekenis aan die woord./<br>Dit verseker 'n klankverandering. √ | <br><br>1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | <u>ou</u>/<u>jou</u> √ | 1 |
| 5.2 | Internasionale navorsers het <u>nou/onlangs/verlede week/in die afgelope jaar</u> 'n nuwe supervoedsel ontdek. √ | 1 |
| 5.3 | Die sanger/-es reik na die sterre.<br>Na die onderhandelinge reik die twee partye mekaar die hand.<br>Die bordjie val, want die vrou kan nie tot by die tafel reik nie./<br>Die tou reik tot daar by jou. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie sin met "reik" vir EEN punt aan.*<br>*Die betekenis van "reik" kan die volgende wees:*<br>*om aan iets te raak/vat/dit vas te gryp*<br>*die onmoontlike begeer*<br>*iemand iets aanbied/gee*<br>*mekaar bystaan (reik mekaar die hand), strek/rek* | 1 |
| 5.4 | … sal die wetenskaplikes wat hierdie verskynsel (sal) navors, sê./<br><br>*Die kandidaat se sin moet die komma aanbied.*<br><br>... sê die wetenskaplikes wat hierdie verskynsel sal navors./<br>... sal die wetenskaplikes sê wat hierdie verskynsel navors. √ | 1 |
| 5.5 | Pleonasme/Woordoortolligheid √ | 1 |
| 5.6 | het gedink √ | 1 |
| 5.7 | Dit is 'n samestelling./<br>Die woord bestaan uit twee stamme./basisse. (nié "woorde" nie) √ | 1 |
| 5.8 | as √ | 1 |
| 5.9 | Moenie bekommerd wees nie, aangesien jy nie in die afsienbare toekoms kakkerlakmelk langs beesmelk in jou supermark sal sien nie./<br>Aangesien jy nie in die afsienbare toekoms kakkerlakmelk langs beesmelk in jou supermark sal sien nie, moet jy nie bekommerd wees nie. √<br><br>*Die korrekte gebruik van die komma is essensieel vir die toekenning van EEN punt.* | 1 |
| 5.10 | (Heelwat) Navorsing is (nog) nodig. √ | 1 |
| | | **[10]** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

Kopiereg voorbehou